# DIE ZASTRONNER
Geregistreerde Nuusblad

JAARGANG 6 VOLUME 3 MAART 1993 PRYS R1.50


# MOOK WYS HUL KAN!


Eienaar / Uitgewer
Drukker / Redaktrise:
**Diana Rautenbach**

**Adres:**

Die Zastronner
Posbus 54
Zastron
9950

Tel. 1821 Boesmanskop



Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie.



Met dank en erkenning aan: Die Munisipale Raad, Adverteerders en Medewerkers.




Elke werkspan moes fyn beplan en organiseer

Onder leiding van ds. Dewald Vermaak het die gemeentelede van Vanstadensrus besluit om hul fondse te versterk deur 'n kosstalletjie op die Reënboogskou in Bloemfontein te beman. Vir maande lank het die Mookers begroot, beplan en selfs benoud geraak, maar vanaf 10-20 Maart het man en muis sy kant gebring!

Sewe-en-vyftig skape se kerrie en rys is voorberei en verkoop, 8 120 sosaties en 540 kg wors is gemaak en gebraai, 780 kg aartappelskyfies is gemaak en derduisende pannekoeke is gebak. Staaltjies oor die werkery, mense se eetgewoontes, dinge wat verkeerd geloop het sal seker nog lank op almal se lippe wees, maar aldus ds. Vermaak het dié stalletjie benewens die omset van R60 000 "die gemeente opnuut bymekaar gebring."

**Ongeluk**

Die teëspoed het 'n uitgeputte ds. Dewald egter gery, toe een van die gewigte van sy motorhuisdeur op sy voet val. Vir die volgende ses weke sal die gips verhoed dat sy herinneringe aan die skou vervaag en oorweeg hy sterk om in die toekoms liefs net voorbidding te doen! Maar hoe voel die gemeente oor 'n stalletjie volgende jaar? Natuurlik vol planne en entoesiasme!


ZASTRON APTEEK
Gesondheidsorg & Diens

PLUS

'n Medikredit-Apteek

SKOONHEID VAN
*Revlon*
*Jean Baré*
*Yardley*
*Innoxa*

Maandeliks Plus-Promosies en Kompetisies
Alpha-Fotodiens
Green Cross-Skoene
Kaartjies en Geskenke
Sonbrille en Swembadbenodigdhede

TEL (05542) 54 & 355 (huis) 546 * Posbus 400 * Zastron 9950

Megasave
INDEPENDENT SUPPORT GROUP
VANANCO
Groothandelaars
ZASTRON
AGENTE VIR
Sentraalwes (Koöp) Bpk
Sasko
Kom vergelyk ons pryse
VRA VIR RONNIE OF MIKE
TEL. 346 179

# REDAKSIONEEL

## "DIE KALF IS DOOD!"

Eendag was daar 'n man wat graag aan sy troue vriend 'n weldaad wou bewys. Hy het besluit om een van die twee kalwers wat hy op stal gehad het aan sy vriend te gee. Die goeie voorneme was wel daar, maar die uitvoering daarvan was nie so maklik nie. Vir etlike maande het hy gewik en geweeg, maar kon nie besluit watter een van die kalwers hy vir sy vriend sou gee nie. Toe hy een oggend by die stal kom, moes hy uitvind dat een van die kalwers dood is. As hy sleg gevoel het, het dit blykbaar nie te lank geduur nie. Sy volgende kommentaar het alle twyfel uit die weg geruim: "O, Ek is baie jammer, maar my vriend se kalf is dood!"

Dit het my laat dink hoeveel keer het ons nie die mooiste voornemens nie, maar verander dit ooit in dade? Hoeveel van ons nuwejaarsvoornemens het gestalte gekry? Het my leefwyse toe na Sondag se treffende erediens verander? Hoe staan ek my vriende by in moeilike tye?

Ek dink om werklik die daad by die woord te voeg, is iets waaraan ons almal skuldig is. Hoe maklik sus ons ons gewete nie met al die goeie voornemens nie en boonop klink dit so mooi as ons aan ander kan vertel van die "kalf wat ek in dankbaarheid aan my vriend wil skenk"!

En nou na die lieflike reën daarbuite en die veld wat oornag lowergroen geword het, is ons voorneme om in diepe dankbaarheid voor Hom neer te buig al werklikheid of het dit in 'n aanklag verander omdat ons weereens versuim het?

Miskien moet ons nie langer soos die vriend hierbo ons voornemens misbruik nie, maar 'n slag na die ware daad spring. Daar is nog tyd en geleentheid om te ervaar dat daar geen vreugde daarin is om 'n "dooie kalf" te skenk nie!

**Redaktrise**

## BUURTWAG IS GOEIE BUURMANSKAP

Die Buurtwag is 'n nie-winsgewende stelsel wat deur die Polisie ondersteun en aangemoedig word. Die afname van misdaad, veral inbrake by wonings en voertuie toon bemoedigende afname waar hierdie stelsel funksioneer. Die doel is om 'n goeie gesindheid binne 'n woongebied te skep en dat inwoners die verantwoordelikheid aanvaar om vrywillig na mekaar se eiendom om te sien en verdagte optredes aan die Polisie te rapporteer.

**Funksies**

Die Buurtwag speel 'n rol in die voorkoming van misdaad byvoorbeeld deur huisbeskerming. Alle besittings en voertuie word gemerk met terugspoorbare identifikasie. Voornemende misdadigers word afgeskrik en opsporing word vergemaklik deur verhoogde vloei van enige inligting na die polisie.

Die Publiek word ingelig oor plaaslike misdaad voorkomingsaksies, huisbeveiligings metodes en risiko's wat op bepaalde tye bestaan. Die gebruik van 'n tweerigting kommunikasiestelsel bou 'n brug tussen die publiek en polisie. Sodoende kan die publiek die polisie op hoogte hou van hul kwellings en vrese. Gereelde ontmoetings met polisieverteenwoordigers is noodsaaklik.

Senior burgers word dan op daaglikse basis deur ander inwoners besoek. Vrees vir misdaad kan net so ontstellend wees as misdaad self. Byvoorbeeld die bou van hoë mure rondom huise sluit bure sosiaal, sowel as sielkundig van mekaar af. Die Buurtwag probeer om hierdie sielkundige versperring af te breek. Onbetrokkenheid is aan die orde van die dag, dink maar terug aan die goeie ou dae, toe jou bure jou telefoonnommer neerge-skryf het as jy met vakansie gaan, jou plante natgegooi het, pos uitgehaal het, ligte aangeskakel het en troeteldiere opgepas het.


As een derde van inwoners binne 'n bepaalde gebied aan die Buurtwag behoort word kennisgewingsborde met 'n kenmerkende embleem by die hoofingang tot die woonbuurt opgerig. Hierdie maatreël hou inbrekers oor die algemeen uit die buurt en beklemtoon 'n gevoel van trots en verbintenis van die kant van die inwoners. Die S.A. Buurtwag se slagspreuk is dan ook "beoefen goeie buurmanskap."

Die Polisie is dringend opsoek na persone wat belangstel in die stigting van 'n Buurtwag. Almal moet betrokke raak. Kontak Lt. Schoeman sodat dit so gou as moontlik van die grond gekry kan word en aktief bedryf kan word. Persone wat ook belangstel om as reserviste in die A- of B-groep diens te doen, kan ook met die SAP skakel.

SQUARES
Meubileerders
Geskenkware
Groot verskeidenheid altyd beskikbaar
Volvloermatte
Gratis kwotasies
Werk gewaarborg
TEL. 281
Posbus 21 Zastron

# B R I E W E

**Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en 'n volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor Vrydag, 23 April 1993.**



## VALS GERUGTE OOR TRANSNET

**WILLIE RIESENBEEK EN PERSONEEL VAN ZASTRON SKRYF:**

Verskeie riemtelegramme doen die afgelope tyd die rondte en versprei die nuus dat die stasie te Zastron sluit.

Die verbeeldingryke verspreiders het selfs tot depotname verstrek waarheen sommige personeellede oorgeplaas sou word, soos byvoorbeeld kusdorpe (wat net lekker kon wees!) en nou sit die arme persone droëbek en verlangend en wag vir hul oorplaasinstruksies. Maar helaas, dit het slegs in iemand, 'n onbekende denker en prater, se verbeeldingsvlugte bestaan, wat voorwaar baie ryk en interessant is.

Wat wel die waarheid is, is dat Interpax, die passasiersdiens, vanaf 1 April ingekort word en daar nie meer passasiers op treine geakkomodeer gaan word na en vanaf Zastron nie. Geen verdere diens word geaffekteer of word, sover bekend, oorweeg om opgeskort te word nie.

Baie jammer dat hierdie berig die onbekende outerus van plaaslike fiksieverhale so te na moet kom, maar wees verseker dat Transnet nog tot beskikking van die gemeenskap van Zastron is.

## DIE OOGFEES, DRANK EN DIE DOMINEE

**DS. NICO DE KLERK SKRYF:**

As student kon ek nooit verstaan waarom die predikante altyd die Sondag na Jool gepraat het van drankmisbruik nie. Waarom nie die Sondag vóór Jool sodat elke kind van die Here hom/haar kan instel om sterk te staan nie?

Namens alle klein dogtertjies en seuntjies wat die "slaapies" aftel voor hulle gaan trein ry met die Oogfees, vra ons: "Liewe ooms en ta'nies, ek wil virskrikelik graag tryn ry by die Oogfees seblief moenie so tekeere gaan vanjaaar dat my ma'le ons nie meer wil vattie. My pa sê dis die nuwe sydaferikaa. My ma sê sy onthou 'n klomp kleeiin oggies wat llaasjaar geloer het en sy wirriedit weer hê nie. My oupa sê die blêrriemense syp nou orals, tot by die crieket!"

Sterkte aan die komitee vir die fees en gelukwense vir die puik fees verlede jaar en byvoorbaat vir die 1993 fees.

## SINTERKLAAS SÊ SY SÊ

Dis met 'n lied in my hart waarmee ek vandeesmaand se skrywe aanpak. Die wêreld lyk pragtig buite en boonop hou party mense vakansie! As ek darem my lewe weer kon oorhê, sou ek beslis 'n paar ander beroepsrigtings oorweeg het. Maar mense wat spesiale vermelding geniet is die boere. Kyk maar nou dat dit begin reën het, is die moedeloosheid weg en plant almal voer asof dit sakke vol geld gereën het! Sterkte en ons hou styf duim vas vir 'n mooi jaar.

**Onproduktiewe Padwerkers**

Iets wat my egter lankal pla, is die mense wat so 'n luilekker lewe langs die paaie voer. Nou praat ek van hulle wat eintlik veronderstel is om die paaie op te knap en rybaar te hou. Het u al opgelet dat dié werkers meestal op hul grawe lê of in groepies staan en gesels of onder die koeltebome rus? Toesig ontbreek heeltemal en as daar wel is, is dit onvoldoende, want die toesighouer sit in die vragmotor en slaap of dagdroom oor 'n vroeë pensioen.

Kyk maar in die padreserwes na al die onkruid en dodder wat voorkom en u sal sien waarvan ek praat. Ek wil dus vandeesmaand 'n klip in die bos gooi dat hierdie padwerkers almal afgedank word en dat daar van die oorvol tronke se inwoners gebruik gemaak word om die werk te verrig. Op so 'n wyse kan die oortreders sinvol besig gehou word en die belastingbetaler baie geld gespaar word. Dink net aan die miljoene rande wat deur so 'n optrede aan instansies soos byvoorbeeld Operasie Honger gegee kan word. Terselfdertyd kan dit ook voornemende misdadigers afskrik omdat hy kan sien dat gevangenisskap swoeg en sweet op die pad beteken!

Laat hoor gerus wat u van my voorstel dink. Groetnis tot volgende keer.

# WAS AL DIE BESONDERHEDE REGTIG NODIG?

**MEV. ENGELA DE KOCK, POSBUS 41, ZASTRON SKRYF:**
Ek was nie van plan om op "Pro Veritate" se kritiek te antwoord nie, omdat ek gevoel het dat 'n polimiek oor die aangeleentheid onvanpas sal wees. Maar soveel Zastronners wou meer weet, dat ek graag op die brief reageer.


My artikel was suiwer om 'n heerlike ondervinding met my mede-Zastronner te deel en nie om 'n geleerde musiek dissertasie te skryf nie. Hoekom met 'n vergrootglas soek of daar êrens 'n fout in dié onskuldige artikel is? As 'n mens wil hare kloof, dan moet jy tog sekerlik die moed van jou oortuiging hê om dit nie onder 'n skuilnaam te doen nie. Net iemand wat nie baie oortuig is van sy standpunt, sal nie eers pa staan vir sy opinies nie!

Ek gee toe dat München die hoofstad van Beiere is. Dit is 'n eienaardigheid wat ons hier in ons eie land ook het, dat ons nie werklik 'n hoofstad in die ware sin van die woord het nie: Kaapstad is wetgewend, Pretoria uitvoerend en Bloemfontein regterlik - so ook Bayreuth wat die musiekhoofstad van Beiere is. In werklikheid moes ek gesê het dat Bayreuth die hoofstad van Ober Franke is.

Wagner het beslis die Festspielhaus (Operahuis) laat bou - ek verwys na Von Dietrich Mack se boek: "Bayreuth Festspiel: The Idea, The Building, The Performances." (Vertaling) p. 3-13, 26-27. Dit was net teen die einde, toe hy begin vasbrand het, dat hy mense gevra het om te help, te wete Ludwig II, die Keiser, die Reichstag, die Burgemeester van Bayreuth, Theodor Muncker, die bankreus, Friedrich Feustel en die Turkse Viceroy (onderkoning) van Egipte. Selfs die rekeninge waarmee Wagner agterstallig was is deur sy naaste betaal uit tantieme, na sy dood! Inderwaarheid is die Operahuis 'Wagner.'

Wat die kunsskatte in die 'Germanisches Nationale Museum' te Nürnberg aanbetref, verwys ek Pro Vertitate na die Museum se Studiensammlung en die Publikationen wat in die Museum te koop is. Daar is omtrent 1.2 miljoen 'objekte zur Kunst- und Kulturgeschichte' in hierdie museum - baie van hulle is gedurende die regime van Adolf Hitler soontoe geneem. Wie wel verantwoordelik was vir die versending soontoe is sekerlik nie ter sprake nie - maar Hitler, met sy onversadigbare versamelmanie vir kunswerke, was die 'brein' daaragter - Goering het uitvoering daaraan gegee. Maak dit werklik soveel saak? Ek betwis gladnie die stelling dat vele kunsskatte wel terugbesorg is na plekke van hul herkoms nie - maar daar is nog baie vir die toeris om te sien, te geniet en te waardeer. Het dit enige doel gedien om hierdie feite in detail vir ons lesers op te dis?

Pro Vertitate se brief was werklik baie interessant en leersaam. Om te dink dat daar soveel verborge talent in ons gemeenskap is wat ongelukkig moet wegkruip agter 'n skuilnaam!

**SOEKIE VENTER**
***Eiendomsagent***
Geregistreer by Raad vir Eiendomsagente

**UNITED BANK ALLIED BANK**
**SANTAM BEPERK**



**SANTAM MULTIPLEX**
*Die wydste dekking onder een sambreel*

***Lenings kan gereël word***

VLK-GEBOU
GUSTAVUSSTR. 24A
POSBUS 6
ZASTRON

**TEL. 72**
**ALLE URE**


# WAAR WAS DIE ZASTRONNERS?

**MNR. J.L. GIE, CHICKEN DEN, ZASTRON SKRYF:**
Baie geluk met Die Zastronner Nuusblad. Ek is 'n nuwe inwoner en was baie beïndruk. Maar nou vra ek? Waar was die Zastronners met die Burgemeestersdans?

Dit was 'n spoggeleentheid. Ek was al op verskeie plattelandse dorpe, maar so 'n gebaar vir die gemeenskap is bobaas - wyn op die huis, vry orkes, vry toegang, eie verversings en die saal was versier soos seker net die amptenare van Zastron kan doen. Die gasheer en sy gade het almal baie tuis laat voel. Ek is net jammer daar was so min mense.

Kom Zastronners laat ons vorentoe die dorp se funksies en geleenthede ondersteun. Ons het in hierdie tyd mekaar nodig. Nogmaals baie geluk aan die Raad met hul besluit om so 'n dans vir die gemeenskap te hou.

# BAIE DANKIE

**MEV. ANNA SCHOEMAN** wil graag oom Andries en kinders bedank vir al die liefde en bystand tydens haar gesigoperasie. Baie dankie aan die Zastronners vir hul ondersteuning en gebede. Dit is wonderlik om te weet dat mense so baie vir ander omgee.

# TOTSIENS!

**DIE VAN RENSBURGS, POSBUS 73040, LYNNWOODRIF SKRYF:**
Dit was onmoontlik om al ons vriende en bekendes persoonlik te groet, daarom wil ons graag op hierdie wyse van u afskeid neem. Mag dit met u almal in die toekoms goed gaan.

In besonder wil ons vir Dawid en Elsabe Jorddan baie dankie sê vir alles wat hulle vir ons beteken het. Veral in ons baie donker dae. Ook wil ons vir hulle sê dat dit 'n voorreg was om mense soos hulle te ken en om saam met hulle te kon werk.

Baie dankie ook aan ds. De Witt en ds. De Klerk vir al jul bemoedigende woorde.


**DIE UNIE DRANKWINKEL**



Bus 2
Tel. 36

Ons waarborg persoonlike aandag

Dawid & Elsabe Jordaan


# FINANSIËLE DISSIPLINE VERVAAG

**MNR. O.A. BREYTENBACH, POSBUS 105, ZASTRON SKRYF:**
In die Sake-Rapport van 14 Februarie is 'n berig "Nuwe jas vir plaaslike owerhede" wat ek graag wil aanhaal: "Daar bestaan groo onsekerheid en kommer by die publiek en in sekere plaaslike owerheidsgeledere oor toekomstige finansiering van plaaslike owerhede Plaaslike owerhede sal radikaal moet rasionaliseer en privatiseer en standaarde van dienste sal na realistiese vlakke moet afkom."

Daar sal in die toekoms nie in dieselfde mate op die sentrale owerheid staatgemaak kan word om finansiering te verskaf nie. My vraag is dus - Sal finansiering uiteindelik van die belastingbetalers verhaal word, indien finansiële dissipline nie toegepas word nie?


**KAAPSE DRAAI**
TEL. 291
RALPHSTR. ZASTRON

**Teekamer**
**Vars Gebak**
**Wegneemetes**

Vinnige diens & goeie gehalte is ons wagwoord


Finansies en Tegniek berig dat 7000 stadsraadslede se toelaes met 29.3% verhoog is Pensioene kan teruggekoop word. Lede dra net 29,5% by en 70,75% moet deur die belastingbetalers bygedra word. Ander toelaes en aanpassings word nie genoem nie. Dit sal 'n aansienlike bedrag vir 7 000 lede bedra.

Belastingbetalers se waarneming in die dorp is dat geen enjin afgeskakel word wanneer munisipale voertuie en trekkers goedere oplaai of aflaai nie - soms vir twintig minute en baie langer! Daar word nie gedink aan brandstofbesparing en slytasie nie.

Belastingbetalers moet betyds hul begrotings in orde kry vir belastingverhogings van Inkomstebelasting, BTW, Brandstof, Munisipale belasting, want die formule van finansiële dissipline het vervaag.

# LESERS SE HULP NODIG VIR NAVORSING

**MEV. ZOUNA FONTERNEL, POSBUS 12082, BRANDHOF, BLOEMFONTEIN, SKRYF:**
Ek is besig om die posgeskiedenis van Zastron na te vors. Om dit te kan doen, het ek welwillende hulp van die Zastronner-lesers nodig. Sal u asseblief voorbeelde van die volgende posstempels help soek tussen ou koeverte, poskaarte en pakkies:

**Zastron Rail/Sta** - Geopen 1 Augustus 1916, gesluit 10 September 1962
**Zastron** - Open 1883, gesluit November 1899 Anglo-Boere Oorlog heropen Augustus 1900. Weer gesluit Februarie 1901 Anglo-Boere Oorlog heropen 1 Januarie 1902. Deurlopend sedertdien.
**Zastrouw** - Open 1 Oktober 1913 gesluit 1 Oktober 1916
**Aloepoort** - Open 1 Augustus 1910 sluit 1 Augustus 1918
**Boesmanskop** - Hernoem van Bushmanskop 15 Oktober 1934 deurlopend tot huidiglik.
**Bushmanskop** - Open 1878/79. Gesluit gedurende die Anglo-Boere Oorlog. Heropen 15 Januarie 1903. Herdoop tot Boesmanskop 15 Oktober 1934 met hoofkantoor Zastron.
**Langvlakte** - Herdoop van Elandskloof in Desember 1905. Gesluit 1 Februarie 1918.
**Elandskloof** - Open 1 Januarie 1904. Herdoop Langvlakte 14 Desember 1905.
**Magaleng** - Open 2 Mei 1983. Gesluit 31 Maart 1991.
**Tierfontein Nek** - Open Oktober 1903. Sluit September 1905.

Ek noem die name en datums volledig om lesers 'n idee te gee waarna hulle moet soek. Belangstellendes kan my skakel by 051-309134 vir verdere besonderhede.


**ZASTRON BANDE**
**SUPA QUICK**
**TEL. 385**

Bande
*Volledige wielsporing met gerekenariseerde masjien*



Skokbrekers
Uitlaatstelsels
"Towbars"
"Bullbars"

**PUIK DIENSTE ALLE TYE**

# ZASTRON SLAGHUIS

**HOOFDSTRAAT 25** **TEL. 20**

---

## SPESIALE AANBOD

**GEKRAPTE AFVALLE @ R12.60 STUK**

*AANBOD SLEGS GELDIG VIR*
*DINSDAG, 30 MAART 1993*
*WOENSDAG, 31 MAART 1993*
*DONDERDAG, 1 APRIL 1993*

## Eiers

Groot R3.18 per dosyn
Ekstra Groot R3.28 per dosyn
Jumbo Eiers R3.30 per dosyn

## SPESIALE AANBOD
## SLEGS PENSIONARISSE

**MIN 10% OP AANKOPE BO R50**

**REËL VROEGTYDIG VIR PRIVAAT SLAGTINGS**

# NUUSBROKKIES

### GEBOORTES

Op 12 Maart is mnr. en mev. Burmeister se vierde dogter gebore.

Corné en Anli Smith se eersteling, 'n dogtertjie is op Vrydag, 19 Maart gebore.

### VERLOOF

Anton en Anetta Lambrecht se dogter, Marlene is verloof aan Kobus van Loggerenberg.

### HUWELIKE

Op 6 Maart is Con, jongste seun van Pieter en Helené Swart in die huwelik bevestig met Wilma Potgieter van Welkom.

DISCOUNT BARGAINS
*Die Gesinswinkel*
Ons hou iets van alles aan
Kruideniersware, Klerasie Meubels, Elektriese ware
*Loer gerus in, u sal aangenaam verras wees*
**Ons gee persoonlike aandag aan al ons klante**

### HEENGEGAAN

Op 4 Maart is mej. Martha Steyn oorlede en op 6 Maart mev. Tok Arnold van Vanstadensrus. Op 15 Maart is mnr. Chris Jacobs oorlede.

### NUWE INTREKKERS

T.P. Louw woon te Oranjestraat 9 en A.W. Tudor te Gustavusstraat 15.

Mnr. en mev. Van Niekerk is nuwe intrekkers te Ralphstraat. Mev. Susan van Niekerk is opgelei om geestelike berading te doen.

### APRIL-VERJAARDAE
### N.G. KERK ZASTRON

Die Zastronner aanvaar geen aanspreeklikheid vir verjaardae wat nie korrek is nie. Hierdie lys word goedgunstiglik deur die Kerkkantoor vrygestel en lesers word versoek om met hulle te skakel indien nodig.

1 Marietjie Klopper, Gerhard Landman
2 Dawid Wilken, Rina Fourie
4 Baby Strydom, Louisa Potgieter, Elsabe van Rhyn
5 Willie Riesenbeek, Willem de Wet, Rina van Vuuren
6 Annetta Lamprecht, Tinus de Kock, Lena Meyer, Rene Roos
7 Trienie Fouche, Andries Mulder
8 Sannie Lombard, Elsie Nel
9 Nettie Henning, Gean Heyns, Eugene Heyns
10 George Smith, Mariekie Mouton, Pieternella Steenkamp
11 Marta Wilken, Jacobus Breytenbach
12 Engela de Kock, Pop Barnard
13 Nico Jansen
14 Jan Swanepoel, Piet Gelderblom
16 Anna Roos, Maria Ferreira
17 Hans Botes
18 Eddie van Tonder
19 Martie van Reenen
22 Ben Swanepoel
24 Gert Steenkamp
25 Isabel Hauptfleisch
26 Jack Roberts, Frikkie van Ronge, Gaaf Botha, Leon Scorrano
27 Andre Steyn, Hendrik Terblanche
28 Bill Church
29 Hennie Botha, Rosa Carstens
30 Attie Connoway

### VANSTADENSRUS

9 Helene Bekker
11 Wilna Calitz, Jan Opperman, Zelna Swart
12 Ninko Bantjes, Marie Bekker
14 Elsa Rautenbach
18 Fanie Bothma
23 Dorette Henning

### ALGEMEEN

Tydens die onlangse gradeplegtigheid van die UOVS het vyf oud-Zastronners wat in 1988 gematrikuleer het, grade ontvang. Hulle was Tron Gertenbach, Francette Labuschagne, Noelene Jordaan, Elize Pieterse en Mariaan Rossouw.

Dries Trollip, verbonde aan die Distrikskommandant se kantoor te Graaff-Reinet, is bevorder tot majoor met ingang 1 April 1993. Hy is die skoonseun van Hennie en Lena Swanepoel.

### MISDAAD

Op 4 Maart is daar by 'n padblokkade op die Sterkspruitpad beslag gelê op vervalste geld ter waarde van R800 000. Vier swartmans is gearresteer.

Ses merino ooie ter waarde van R720 word vermis op Eldorado, by Maghaleen en Korana is elk een skaap weg en op Boomplaas 2 skape. Mnr. Leslie Higgs van Schuifkop het die diefstal van sewe beeste aangemeld. 'n Saak word ook op Nantes ondersoek waar 'n bul gekastreer is en 'n stuk van die boud uitgesny is. Daar word vermoed dat die dele benodig is deur toordokters.

J. FOUCHE & KIE
PROKUREUR
EIENDOMSAGENT
TAKSATEUR
BOEDELBEREDDERAAR
Volkskas-gebou
Zastron
TEL. 259

Gedurende die nag van 4/5 Maart is 'n huis in die nuwe swartdorp met paraffien gegooi en aan die brand gesteek. Een swart man is gearresteer.

'n Motorbattery ter waarde van R800 is op Bronkhorstfontein van mnr. Jack Webb gesteel en by Hein Steyn is 'n radioband-kombinasie uit sy vragmotor gesteel.

"Aftreebeplanning beteken belastingbesparing nou en sekuriteit in die toekoms."

'n Uitredingsannuiteit is nie net 'n uitmuntende belegging nie, maar ook een van die beste maniere om belasting te bespaar. Selfs al het u nog net 'n paar jaar oor voor u aftrede, kan u nog steeds baie bereik – as u net weet hoe.

'n Finansiële Adviseur van Ou Mutual is 'n ervare finansiële konsultant. Hy sal u gebalanseerde, objektiewe advies gee om te verseker dat u na u aftrede soveel finansiële sekuriteit as moontlik geniet. Hy kan ook aan u die feite verstrek oor 'n reeks beleggingsopsies wat ander vooraanstaande finansiële instellings aanbied.

Skakel hom gerus om 'n volkome vertroulike evaluering van u omstandighede te bekom. U sal nie sy of u eie tyd verkwis nie.

Mnr FJ Smit
Tel: 131 (H) & (K)
VLK Gebou
Zastron

FINANSIËLE ADVIESDIENS
OU MUTUAL
KRY MEER UIT DIE LEWE

# NUUSBROKKIES (VERVOLG)

**Algemeen**

Zastron se langasems, Willie en Barbie de Beer, Tabu en Dorette van Rooyen, Dassie Fouche en Lynn Steyn het onlangs die Kroonpark Marathon gaan hardloop. Die afstand van 42,2 km moes binne 'n sekere tyd voltooi word om te kwalifiseer vir die volgende marathon. Almal, buiten Tabu van Rooyen, sal gedurende Aprilmaand aan die Ultramarathon te Ladysmith deelneem en indien hulle daar kwalifiseer, sal die Comrades hul voorland wees!

Mnr. Chris Crous het vandeesmaand groot skade gely toe sy kinders, Ansefie en Francois van Rooyen, sy bakkie geleen het. Die bakkie, wat gesluit was, is voor die Buffelsbron-woonstelle te Aliwal-Noord gesteel. Met die ter perse gaan, is die bakkie nog nie teruggevind nie.

Dawid en Elsabé Jordaan se dogter, Juanné het die mooi prestasie behaal deur 'n goue medalje in tweekamp (1 000m hardloop en 100 m swem) te behaal. Op 10 April sal sy die Vrystaat verteenwoordig tydens die S.A. Kampioenskappe in Kaapstad.


**WACKO'S VIR VIDEO'S**

**Tel. 246**


Reichenbergstr. 72

*Ons verhuis binnekort na die perseel langs Die Oog Bakkery*


# RAMSIEKTE

★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★

~~STOET~~ ⟶ SLAG



## WAT!? <u>GEEN</u> LAMMERS!!!??

## OORSAKE VAN PROBLEEM

**Brucella ovis** — **Vyand no 1**

Daar is steeds soveel as 5% van al ons ramme hiermee besmet!!!

**H P A groep bakteriee**

**(sluit onder andere Actinobacillus seminis in)**

Soveel as 2,5% jong rammetjies van alle telers kan hierdeur bybal-ontsteking kry!!!

**Nie spesifieke besmetting**

**(Sluit onder andere Corynebacterium in)**

Dit veroorsaak af en toe ook bybalontsteking!!

## GEVOLGE VAN BYBAL ONTSTEKING

1. Minder lammers per ram gebruik per seisoen.
2. Meer ramme benodig om ooie dragting te kry.
3. Ramme raak gou onbruikbaar — Verhoogde koste om ramme meer dikwels te vervang.
4. Waardevolle teel-materiaal kan verlore gaan as topram aangetas raak.
5. Beste verkoopsrammetjies kan uitgeskakel raak met bybalontsteking..
6. Meer kopers bring ramme terug.
7. Winsgewendheid van boerdery verdwyn met bybalontsteking.

## VOORKOMING VAN BYBAL ONTSTEKING

**Brucella ovis**

1. Daar is 'n <u>ENTSTOF!!</u> **REV 1** is sy naam!! Verkrygbaar by elke verspreider van Onderstepoort entstowwe. Ent rammetjies as hulle 2-4 maande oud is. Een inenting gee voldoende beskerming!!
2. Hou jong ramme apart van ouer ramme.
3. Vra bewys van inenting van aangekoopte ramme!!! Dring daarop aan!!!
4. Dring aan op 'n geslagsgeskiktheid sertifikaat vir elke aangekoopte ram!!!

## VOORKOMING VAN BYBAL ONTSTEKING

**H P A bakterie (bv. A.seminis)**

1. Ongelukkig geen entstof!
2. Maak rammetjies op veldweiding groot — minder samedromming, minder besmetting!!!
3. Dring aan op 'n geslagsgeskiktheid sertifikaat vir elke aangekoopte ram!!!

## BEHANDELING

**Brucella ovis**

<u>Geen effektiewe behandeling!</u>

1. Uitslag van besmette ramme!
2. Inent van in kontak ramme!
3. Gereelde ent van jong ramme!
4. Gereelde toets van alle ramme!
5. Probleem dan uitgeskakel in 1-3 seisoene!

## BEHANDELING

**H P A groep (bv. A.seminis)**

1. Geen herstel met behandeling as daar reeds knoppe aan byballe is nie.
2. Behandeling werk soms in jong ramme wat etterselle in die saad wys.
   Swak resultate word verkry met behandeling van ramme ouer as 2 tand.
   Behandel met antibiotika op veearts se voorskrif.
3. Maak ramlammers op veldweiding groot. Minder samedromming, minder besmetting!!
4. Dring aan op 'n geslagsgeskiktheid sertifikaat vir elke aangekoopte ram!!
5. Gereelde toets en dan uitslag van ramme met bybalontsteking!
6. Probleem word so tot minimum beperk!

OPGESTEL DEUR DIREKTORAAT DIERE GESONDHEID

# ZAMANUMA - NOG R132 000 VIR ZASTRON

Die plaaslike distrikskomitee van die Departement Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling het 'n verdere bedrag bekom deur 'n Onafhanklike Ontwikkelingstrust. Zastron is onlangs deur 'n verteenwoordiger besoek en 'n week later is die goeie nuus ontvang. Die fondse oet gebruik word op die gebied van werkskepping en maatskaplike ontwikkeling.

**Werkskeppingsprojek**

Alle inwoners van Zastron word hartlik uitgenooi om by die werkskeppingsgebou, Tusana, oorkant die skougronde se ingang, in te loer. Huidiglik is tien swartvroue in diens en die eerste skoolrokke is voltooi en daar sal eersdaags met 'n bestelling van sewentig oorpakke begin word. Die werkers is baie entoesiasties en bestellings vir skoolklere en oorpakke kan geplaas word. Skoene word ook reggemaak en die maak van skoene en pantoffels word in die vooruitsig gestel.


**GREYLING-VERVOER**

bied aan
Algemene vervoer van tien ton vragte

* Lewende Hawe
* Meubels landwyd (Toe vragte)

Vir meer inligting skakel
KOOS GREYLING
TEL 3302 ZASTRON


Hier is die vroue hard aan die werk in die fabriek Tusana oorkant die skougronde. Foto: Riaan Deneys




'n Groentetuin word ook beplan, sodat dit as bron van inkomste kan dien. Tans is die belangstelling van die blankes in die projek egter weinig en daar word 'n beroep op belangstellendes gedoen om met mev. Ria de Klerk of Louise Fouche te skakel vir meer besonderhede.

Wat die kospakkette aanbetref, word daar reeds 'n hele paar honderd maandeliks in die blank en nie-blanke woonbuurtes versprei. Kontrole word uitgeoefen met vraelyste waarvan die inligting op rekenaar is en duplisering of oneerlikheid dus tot die minimum beperk word. Die kontrolespan bestaan uit dertien persone.

Zamanuma sien u by die Oogfees waar 'n stalletjie die verhaal verder sal vertel.


**SNAP!**



*Geleentheids foto's*
*Troufoto's*
*Gesinsfoto's*
*Jóú foto's, kan ek neem*

Riaan Deneys
Tel. (05542) 355 of 54


## JOHANNA BIBLIOTEEK

'n Vergadering is onlangs gehou waartydens 'n komitee verkies is om 'n behoeftebepaling te maak ten opsigte van herstelwerk aan die Johanna Biblioteek.

Mnre. Willie Bester, Alex van Rensburg en dr. Rob Brüning is verkies en enige persoon of instansie wat belangstel om 'n bydrae te lewer, is welkom om met een van hulle te skakel.


**SPRINGBOK KAFEE**

**TEL. 46**


*Ons lewer 'n Eenstop-diens*

**Probeer gerus ons vleispasteie vis en skyfies**

*Ons bak daagliks*

# MUNISIPALE SPORTDAG GROOT LEKKERTE

Vanjaar se Munisipale Sportdag was weereens 'n treffer en die besoekers vol lof oor die Zastronners se gasvryheid, lekker kos en mooi dorp. Verskeie hooggeplaastes in die Provinsie het die verrigtinge bygewoon.



Zastron se burgemeesterspaar, dr. Nico en Elize Jansen saam met die Direkteur-generaal, mnr. Putter en sy vrou. Voor hulle staan die Zastron-vierling. Foto: Geneem deur Riaan Deneys

Ten spyte van die dreigende wolke, het die manne die gholf met groot geesdrif aangepak. Net toe die spel goed of dreef was, het die reën geval en moes inderhaas na die klubhuis gespaander word! Die res van die spel later was vol pret, maar die aand se prysuitdeling het getuig van gehalte spel. Geen poging is ontsien nie en elke deelnemer het 'n prys ontvang.

**Dames**

Vir die dames is 'n onvergeetlike middag aangebied. Mnr. Hennie Labuschagne het met sy kapkar-ritte die romantiese nostalgie laat herleef en mnr. J.L. Mans se "rubberduck" het vir opwinding in die waters van Kloofdam gesorg. Mnr. Hans Dry het die dames ingelig oor forelle, maar ongelukkig het die weer nie toegelaat dat daar vis vir die pan gevang kon word word nie. By die huis van die Burgemeesterspaar is die dames verder getrakteer met voordrag, sang, 'n modeparade en 'n Modge pogde-demonstrasie. Die middag se verrigtinge is afgesluit met 'n koppie tee en die allerheerlikse fyngebak.

Die aand se geselligheid was in die stadsaal waar mev. Elize Jansen en haar span die saal smaakvol in 'n "sirkustent" omskep het. 'n Ontspanne atmosfeer het geheers en ieder en elk het hul terdeë geniet en gesmul aan die disse wat op egte boerewyse voorberei is.

**Dank**

'n Spesiale dankie aan OFS Business Machines wat die sportdag geborg het, asook die plaaslike ondernemings wat die pryse geborg het. Baie geluk aan die Munisipale Raad, amptenare en ander helpers. Zastron is verseker hoog aangeskrewe by die hooggeplaastes in die provinsie.



MALHERBE, SAAYMAN & SMITH

*Prokureurs Notarisse*
*Taksateurs*
*Eiendomsagente*
*Transportbesorgers*


Hoofdstr. 36 Bus 44
ZASTRON
9950

Tel. & Faks 05542-39&6


Dis nie aldag dat 'n stadsdame geleentheid kry om op 'n kapkar te ry nie! Hier is mev. Putter saammet mnr. Hennie Labuschagne.



Die borg van die Munisipale Sportdag, mnr. Theo Cilliers van OFS Business Machines en mnr. Kalfie Rossouw, Adjunk Direkteur-Generaal, kom papnat by die klubhuis aan.



# ZASTRON RUGBYKLINIEK

Gedurende die skoolvakansie vind die derde rugbykliniek op Zastron plaas. Skole van oor die Vrystaat sal die dorp besoek. Twee bekende nasionale afrigters van Bloemfontein, sal die kliniek bywoon om die seuns en afrigters touwys te maak in al die nuwe rugbytegnieke en benaderings. Alle belangstellendes is welkom om ook hierdie oefensessies mee te maak. Die seuns speel vier wedstryde in totaal, waarvan 2 oefenwedstryde is.

Die plaaslike dorpsklub speel ook 'n wedstryd. 'n Beroep word op die gemeenskap gedoen om hul ondersteuning en belangstelling te gee. Al die wedstryde vind by die sportgronde plaas.

**Program**

Hier volg 'n verkorte weergawe van die program:

Donderdag, 1 April - registrasie van skole
Vrydag, 2 April - afrigting tussen 09h00 tot 12h30
Saterdag, 3 April - wedstryde tussen 13h00 en 18h00
- senior klubwedstryd om 16h00
Maandag, 5 April - afrigting tussen 09h00 en 12h30
Dinsdag, 6 April - optog van spanne - 08h00
- wedstryde tussen 08h00 en 12h00

# VERKENNERS

Die naweek van 20 Februarie het twintig Verkenners van Zastron 'n opwindende tyd by die Veldbasis van die Buitelugskool deurgebring. Daar is weggespring met rádiosprak en kompaswerk wat handig te pas gekom het tydens die Vrydagnag se nagmars. Elke Verkenner het ook die geleentheid gekry om die slapendes op te pas. Saterdagoggend is Aasvoëlberg verken.

Die hoogtepunt van die kamp was ongetwyfeld toe elke span 'n lewendige hoender gekry het waarmee hy 'n potjie moes maak! Aldus Christo Crous het die "ontkoppeling nogal 'n versteuring in sommige meisies se emosionele stand teweeggebring." Maar gelukkig toe al die bestanddele eers in die pot was, kon almal kalmeer en rustig op hul ouers wag. Die selfvoorbereide potjie is later gesellig saam genuttig. Die Verkenners sê baie dankie aan mnr. Rochér vir 'n onvergeetlike naweek.




NEVES KAFEE
Matheestraat
Zastron
TEL. 532



*Spesiale Aanbiedinge*
*Elke Maand*
Kom kyk gerus


NESNA
Reichenbergstr. 3, Zastron
TEL. 516 (400)
*Vadek verf, Hardeware*
*Vensters, ruite, deure, kosyne en slotte*
*Ons sny ook spieëls*
Vir vriendelike diens besoek ons gerus

**ONS KRUIK**
*Matheestr. 26, Zastron*

**Heerlike tuisgebak**



**en 'n groot verskeidenheid geskenke**



**TEL. 382**

# VLU-SIRKEL

Op Woensdag, 17 Maart het 'n opgewonde sestien lede van Zastron se VLU-tak na Rouxville vertrek vir die jaarlikse Sirkelbyeenkoms.

Na 'n koppie koffie en eetgoed, is die byeenkoms geopen en groeteboodskappe is oorgedra. Die gasspreekster was, mev. Annemarie le Roux, 'n skryfster van verskeie boeke. Haar tema "Wat maak van 'n huis 'n tuiste?" het elke vrou diep geraak. Sy lig haar praatjie toe met behulp van die punte - liefde, onvoorwaardelike aanvaarding, humor en genoegsame tyd. Kinders moet daarvan hou om huis toe te kom en voel dat hulle nodig is daar.

Die Emmanuel-koor van die SAP verleen verdere luister aan die oggend toe tien swart polisiemanne onder leiding van mev. Lourens die saal vul met hul pragtige sang.

Zastron-tak behaal 'n derde plek met die masjiengemaakte somersbaadjie van Barbie de Beer. Oor die algemeen vaar die tak goed as in aanmerking geneem word dat daar nie 'n blommerangskikking-inskrywing was nie.

**Nuwe bestuur**

Tydens die Februarie-vergadering is daar gereorganiseer. Mev. Barbie de Beer is die nuwe voorsitter en mev. Elma Smit vise-voorsitter, mev. Dorette van Rooyen is sekretaresse.

Die VLU-vergaderings vind voortaan elke vierde Vrydag van die maand plaas en almal is meer as welkom.

# VROUE BESIN OOR HUL REGTE

Op 16 Maart is 'n vergadering in die stadsaal gehou. Adv. Saar Marais het die 70 dames toegespreek. Die doel was om kommentaar in te win oor die voorgestelde konsepwetgewing oor vroueregte.

Die bespreking het onderwerpe soos afskaffing van diskriminasie teen vroue, voorkoming van gesinsgeweld, die vrou in inheemse reg en gelyke geleenthede geraak. Mev. Marais het verduidelik dat Suid-Afrika oppad is na 'n nuwe bedeling waarin die regte van mense deur 'n handves van Fundamentele regte beskerm sal word. In hierdie tydvak van veranderinge en strewe na gelykheid is die afskaffing van geslagsdiskriminasie een van die prioriteite wat nou reeds geimplementeer kan word. " Die tyd om op te tree en saam te werk vir gelykheid is nou," het sy gesê. Persone wat belangstel om kommentaar te lewer, is welkom om dit aan die Direkteur Generaal, Departement van Jusitisie, Privaatsak X81, Pretoria te stuur.

**NAILS FOR U**
**Vir professionele behandelings in die gerief van u eie huis**

**VERSLANK NOU!**
**R50 vir 8 behandelings**
Een lyfmassering ingesluit

Kontak
**KAREN ROELOFSE**
**ZASTRON 197**
vir 'n afspraak

Hierdie vergadering op Zastron was 'n opvolg van die Nasionale Konvensie wat in Pretoria deur UNISA en die Dept. Justisie aangebied is. Helen Shaer en Megan Higgs het dit saammet 18 ander afgevaardigdes van die Vrystaat bygewoon.

# FISIOTERAPIENUUS

Tydens Fisioterapieweek, 1 - 6 Maart 1993 is spesiale aandag gegee aan dié aanvullingsdiens tot die geneeskunde. Fisioterapie is die wetenskaplike gebruik van bewegingstegnieke, aangevul waar nodig met massering, manipulasie, elektroterapie en ander fisiese en ondersteunende maatreëls. Dit word ook aangewend om rehabilitasie en die herstel van funksie te help, insluitende die bereiking van persoonlike onafhanklikheid.

Zastron word weekliks op Woensdae tussen 08h00 en 16h00 besoek. Afsprake moet by Drs. Swartz, Van Rooyen en Swanepoel se spreekkamers gemaak word. Lesers moet daarop let dat die Fisioterapeute Lombaard en Van Pletsen se op Aliwal-Noord verhuis het na Smithstraat 38A. Tel. 0551 - 2727

# PINOCCHIO LAAT WAAI

Op 16 Maart om 17h30 het die Kleuterskool se prestige eenuur-atletiek byeenkoms plaasgevind. Voordat die blou en rooi spanne begin kragte meet, het die kleine trompoppies eers die toeskouers met hul passies vermaak.

Elke kleuter het onder sy eie ouderdomsgroep deelgeneem en punte vir sy span verwerf. Vir die pa's en ma's van elke groep was daar ook 'n item om aan deel te neem. Die ouers van die driejariges moes die kleutertjies abba en behoede diegene wat meer as een kleuter in 'n ouderdomsgroep het! Gelukkig was daar baie pa's en ma's wat bereid was om hul "uit te leen!" Die vierjariges is deur hul ouers aan die armpies gedra en dit was nogal veel moeiliker as wat dit gelyk het. Die ouers van die vyfjariges was baie gelukkig. Hulle het net nodig gehad om 1 meter ver met 'n skêr te kan knip.


**SUPERSPAAR**
**SUPERSAVE**

Nuwe winkel open vroeg in April

***Kruideniers Geskenke***

Ou Multimark-gebou
Reichenbergstraat 30


Op julle merke gereed! Foto: Riaan Deneys



Die verrigtinge is met die aflosse afgesluit. Die sesjarige kleuters se ouers moes wegspring en die kleutertjies het die finale deel na die wenstreep gehardloop. Die afstand wat elkeen moes hardloop was 'n ongelooflike 20 meter!

'n Heerlike spangees het geheers en die eindtelling was Blouspan 100 en Rooispan 100. Daarna was daar 'n wedloop na die die kerrie- en rys potte. Baie dankie vir al die ondersteuning. Lank lewe Pinocchio!

## LIONSKLUB

Nuus van die Lionsklub se kant af is, dat hulle 'n karavaan gekoop het wat in 'n kafee omskep gaan word en tydens funksies gebruik gaan word. Die karavaan sal vir die eerste keer by die Vlooimark op 27 Maart gebruik word.

Die kaas-en-wyn onthaal was onlangs by die stadsaal aangebied is en waartydens foto potrette bestel kon word, het groot aftrek gekry. Die Lions wil graag op hierdie wyse aan die gemeenskap dankie sê vir hul ondersteuning.


***EENUUR FOTO ONTWIKKELING TE ZASTRON***

**Besoek ons te Matheestraat (langs Pages)**

**vir diens, kwaliteit asook ons pryse**

***SANJA VAN SCHALKWYK***


## ONS TAALHOEKIE

Ons het onlangs in 'n tydskrif gelees van "bloed is dikker as water" terwyl dit eintlik ten regte moes wees: waar bloed nie kan loop nie, daar kruip dit. Toe kom 'n ou oom nadergestaan met sy sêgoed uit toeka se tyd: die hemp is nader as die rok ... wie ken hierdie sêding?
Wie praat nou weer van omslagtigheid in ons taalakker? Die griep-epidemie wat ook oor Zastron kom waai het, het die uitdrukking "hy is siek en hy is in die bed" laat saamsmelt is: Hy is siek in die bed. Dit was seker nie 'n bed van rose nie! Voor die droogte was die boer se getal skape net genoeg terwyl die aantal kinders wat in die skool opgeneem is, 1992 s'n oorskry. Die toergeselskap na Oos-Transvaal was 62 in getal, daar was wel 'n aantal meer aansoeke. Die dag toe ons vertrek het, het groot getalle belangstellendes opgedaag. So tussen getal en aantal weet ons wat ons bedoel.
**OMIE**

# ADVERTENSIES

**Geklassifiseerde advertensies kan aan Die Zastronner, Posbus 54, Zastron gestuur word. Die koste beloop R5 per plasing. Indien dit meer as 20 woorde beslaan, sal dit 'n addisionele R5 kos. Geklassifiseerde advertensies moet vooruitbetaal word.**

### Te Koop

Twee Staffordshire tefies te koop. Ses weke oud. Gebore uit geregistreerde ouers. Prys R150. **Skakel tel. 23 na ure.**

Goeie waghonde te koop. Ses weke oud. Rottweiler gekruis met Boerboel. **Skakel saans Zastron 1912.**

Klawerbord in baie goeie toestand te koop. **Skakel saans 1912 Zastron.**

Yskas te koop. In baie goeie toestand. **Kontak Rosa van Tonder, tel. 568 saans.**

380 Volt Tongo olie verkoelde sweismasjien te koop. 250 amp. Prys R650. **Skakel tel. 23 na ure.**

### Te Huur

DE OUDEWERF CHERRY FARM

Grounds and Trees for hire:
500 cherry trees, 100 peach/pear/apple trees,
almond - and walnut trees
1 hestare open field (exlucern)
water from borehole
**Contact The Advertiser, P.O. Box 375, Zastron**

### Betrekkings

Gesoek: **Bestuurder** vir klein bakkery in Suid-Lesotho. Vyfdagwerksweek. Losies beskikbaar. Salaris onderhandelbaar. Opleiding sal verskaf word. **Kontak Die Adverteerder, Posbus 375, Zastron.**

Wanted: **Bakery manager** for small bakery in South Lesotho. 5 day week. Accomodation provided. Salary negotiable. Suitable applicant will be trained. **Contact The Advertiser, P.O. Box 375, Zastron**

### Algemeen

Vir dagsorg kontak **Betsie, tel. 382.** Ek kyk graag na u kleingoed terwyl u inkopies doen of help saans as u moet uitgaan.

Boere en Tuiniers rig u navrae aangaande bemesting aan **Kobus Breytenbach, tel. 3413 saans.**

### Gesoek

Ek is op soek na 'n lessenaar (met laaie) en 'n sitkamerstel om te koop. **Skakel my asb. by tel. 71.**

---

**Vir alle huis- en gebou reparasies en instandhoudingswerk.**

**Sluit ook in**

**loodgieterwerk**
**verfwerk**
**teëlwerk**
**seël van dakke**
**sweiswerk**
**bou- en pleisterwerke**

**SKAKEL 409 SAANS**

---

## *BOOTS - 'N - ALL*

***Posbus 449***
***Zastron***

***TEL. 206***

**Pragtige kleure Penquin wol**

**Materiale, Skoene, Baba-afdeling**
**Skryfbehoeftes & Speelgoed**

**Alle naaldwerk-benodigdhede**

**New Look, Style & Simplicity Patrone**

BESOEK ONS OOK VIR

***Verskeidenheid mansklere***
***Verskeidenheid seuns- en dogtersklere***

Eienaar: Mev. C. Cruywagen

# ZASTRON STOEIKLUB

Op 6 Maart het die eerste toernooi van die jaar, die Van Rooyen Beginnerskampioenskappe plaasgevind. Zastron-stoeiers het getoon dat alhoewel hulle een van die jongste stoeiklubs is, hul glad nie vir die ander hoef terug te staan nie. Van die sewentien stoeiers wat deelgeneem het, het 14 mejaljes verower. Zastron het ook 'n algehele vierde plek van die 7 klubs behaal. Die uitslae was as volg:

F Labuschagne Goud
M Kruger Goud
P de Wet Goud
E Swartz Goud
G Kruger Goud
J Fonternel Goud

J Kruger Silwer
O van Ronge Silwer
U Fourie Silwer
P Breen Silwer
S Dry Silwer
P Calitz Silwer

R Cordier Brons
C Cordier Brons

Die klubbestuur wil dan ook graag vir mev. Helené Labuschagne bedank vir die pragtige T-hempies wat sy geborg het vir die stoeiers om te verseker dat hulle kleredrag eenvormig is. Gelukwense ook aan die afrigters, Cassie Cordier en Hans Dry.


**DIE OOG BAKKERY**



*Probeer gerus ons*
*Vars Brood, Banket*
*Wegneemetes en Teekamer*
Ons wil u graag bedien
Bestuur:
Hans en Marie Botes
Martina Botes & Elize Steyn
TEL. 584


# SKOLE ATLETIEK

## Inter Primêr - 25 tot 27 Februarie

Vier Zastronners het aan die byeenkoms deelgeneem. Alhoewel geen atleet 'n plek behaal het nie, het elkeen sy beste gelewer.
H. Roodt 1 200 m
J. de Kock Spiesgooi
M. du Plessis 100 m
W. Jordaan Verspring

## Farmers Pride Atletiekbyeenkoms - 27 Februarie

Dit was die eerste keer dat die skool aan hierdie byeenkoms deelgeneem het. Ses-en-twintig skole is verteenwoordig. Die byeenkoms is gerig op skole met 'n leerlingtal onder 300 in die A-Afdeling en onder 150 in die B-afdeling. Skole neem in spanne van 14 seuns en 10 dogters deel.

Die dogters was ongelukkig om 'n tweede plek te behaal en die seuns het 'n sewende plek behaal. Altesaam het Zastron 14 medaljes verower. Hier volg 'n opsomming van die uitslae:
Dogters onder 15 H Roodt 800 m tweede plek, 1 500 m derde plek
Dogters onder 17 E Olivier 100 m en 200 m tweede plek
E Thormahlen Spiesgooi derde plek
Dogters onder 19 Aflos derde plekSeuns onder 15 A. du Plessis 100 m hekkies en hoogspring eerste plek
Seuns onder 17 E. de Beer 1 500m tweede plek
Seuns onder 17 C. Crous 800 m tweede plek
Seuns onder 19 E. Wansbury 800 m derde plek

## Inter Hoër - 5 en 6 Maart

Agttien atlete het aan die Inter Hoër gaan deelneem. Al agttien het hul allerbeste gelewer en Zastron se naam hoog gehou. Drie atlete het medaljes verower.
2 Goue medaljes - E. Olivier - 100m en 200m
1 Silwer - E. Thormahlen - Spiesgooi
1 Silwer - A. du Plessis - Hoogspring
1 Brons - A. du Plessis - 200m hekkies.

Erika Thormahlen het gekwalifiseer om die Vrystaatspan tydens die S.A. Junior Kampioenskappe te Germiston op 2 en 3 April te verteenwoordig. Ons sien met groot verwagting uit na haar prestasies op die S.A. Junior Kampioenskappe.


# RUGBYKLUB

Die volgende bestuurslede is onlangs tydens 'n algemene jaarvergadering verkies: Voorsitter - A. van Zyl, onder-voorsitter - J. Barnard, Sekretaris - F. Botes, Hulp-sekretaris - C. Mostert, Tesourier - J. van Aarde, Addisionele lede - F. Jonker, B. Greyling. Afrigters: F. Fenwick en P. Klopper.

Zastron Rugbyklub nooi alle spelers en ondersteuners uit om Dinsdag- en Donderdagaande om 18h00 die oefeninge by te woon.


**MODEL SLAGHUIS**

*Ons spesialiseer in*
Gerookte Varkboude
Skaap- en Varkribbes
Rookwors en nog vele meer



TEL. 188
Eien. A.G. Cronje & G.J. Marais

# DRIEKAMP

Op Vrydag, 12 Maart het vyftien spanne aan die Driekamp deelgeneem en hard probeer om die rekord van 38 min 30 sekondes te verbeter.


CALEDON
MAKELAARS BK
*vir u*
***LEWENSVERSEKERING***
***KORTTERMYN-VERSEKERING***
***BELEGGINGSADVIES***
Ons verteenwoordig al die belangrikste maatskappye
SKAKEL NOU
STAFFIE FOUCHE
ROUXVILLE 300
ZASTRON 259




Die uitslae was as volg:

Die wenspan, Pieter Brink, Gerrie van der Merwe, Yolanda Hattingh het 'n tyd van 39:59 behaal.

Die mans-afdeling is 1. Gerhard, Eben de Beer, Cobus Steenkamp se tyd 41:31 en tweede Sarel Dry, Jaco van Zyl, Henry Jonker (42:35)

Dames: 1. Riette Hattingh, Charmaine Smith, Surita Brink - 48:02
2. Surina Dry, Lynne Steyn, Jessica Pantsegrou - 49:24

Gemengde afdeling: 1. Anel Hattingh, Kallie Botha, Wicus Olivier - 42:26
2. Anel Hattingh, Wynand Bezuidenhout, Piet Labuschagne - 44:01
3. Pierre Haupthfleisch, Wilma en Roux Fouche - 47:57
Die span van Dermott Cusens, Patrys de Kock en Frikkie Labuschagne het geeindig met 'n tyd van 53:59

Individueel: 1. Muskiet van Blerk 41:47. Hy het die rekord met drie minute verbeter.
2. Sarel Dry 44:28
3. Dermott Cusens 45:25

Baie dankie aan die borge, sonder julle sou die kompetisie nie moontlik gewees het nie. Op hierdie wyse kon nege spanpryse oorhandig word.

Twee persone wat spesiale vermelding verdien, is oom Frikkie Labuschagne en Piet Labuschagne wat deelgeneem het en beslis 'n voorbeeld stel vir al die jonger garde wat so op hul louere rus!


ZASTRON
*DIE DORP MET 'N TOEKOMS*
*DIE DORP MET GROEIKRAG*
HIER VIND U
***Ongeëwenaarde natuurskoon en pulk ontspanningsgeriewe***
***Ideaal geleë woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse***
***Munisipale dienste teen besonder billike tariewe***
***'n Gesonde, gematigde klimaat***
***Pulk woonwapark***
***Vakansieplase, Forel-vangste, Staproetes***
***Pulk hotel en verskeie toerisme-aantreklikhede***
KOM BESOEK ZASTRON
EN VESTIG U HIER
Vir nadere besonderhede kontak
DIE STADSKLERK, BUS 20, ZASTRON, 9950
Tel. (05542) 18